Munniklaan 21
Sterpark
POLOKWANE
0699

TEL: 015 296-0940

Postnetsuite 001
P/S X9676
POLOKWANE
0700

FAKS NO: 086 543 0378

Woensdag, 30 Januarie 2019
Nuusbrief no 2 / 2019

Goeie more liewe Osieteddie mamma en pappa,

Dit is so lekker om te sien hoe die kinders by die dag al hoe gemakliker skool toe kom, en ten volle deelneem aan die dagprogram.

Ek wil begin deur DANKIE te sê vir elke tydskrif, eierboks, pot en deksel of sak saagsels wat aangedra is skool toe.

**OOV vergadering, gehou 28 Januarie 2019**

Die opinie van ons ouers is vir ons belangrik.

Om ons ouers volle vennote en mede-verantwoordelik te maak by Osieteddies is dit van groot waarde om goeie kommunikasiestrukture daar te stel. Die doeltreffendste ouersamewerking met die skool behoort op klasvlak plaas te vind. Binne hierdie meer informele groep is daar kundige ouers van verskillende professies wat waardevolle bydraes kan lewer. Daarom dat ons so afhanklik is van **Klasmammas** se bereidwilligheid om ons hande sterk te maak.

Die Klasmamma koördineer alle sake betreffende die klas. Die doel van die klasmamma is dus om ouerbetrokkenheid te bevorder en seker te maak dat alle ouers goed ingelig is.

Ons grootste dank aan die volgende mammas wat hulleself bereid verklaar het om ons klasjuffrouens se hande sterk te maak:

| | | |
|---|---|---|
| Speelbere | Corné van Heerden | 061 683 4211 |
| Safaribere | Claudine Meiring | 082 462 3046 |
| Kampbere | Venessa van Eijk | 072 995 4328 |
| Plaasbere | Vashti Brandt | 082 949 5514 |
| Tuinbere | Chante Prinsloo | 072 342 8841 |
| Vakansiebere | Theresa Myburgh | 084 511 1933 |
| Sirkusbere | Dian Muller | 083 645 2529 |

**Dan is ons nog so bevoorreg om die volgende werksaksies ook te hê:**

| | | |
|---|---|---|
| Mediasentrum | Annelie Parker | 072 204 5338 |
| Kreatiwiteitstoor | Mariska Slabbert | 082 859 5407 |
| Funksies / spesiale dae | Corné van Heerden | 061 683 4211 |

| | | |
|---|---|---|
| Perseptueel & GM | Linda Roos | 082 471 7101 |
| Voorportaal & kennisgewingborde | Venessa van Eijk | 072 995 4328 |
| Fantasie | Sufrani Uys | 083 503 7744 |
| Tuine | | |
| Buitespeelarea & apparaat | Eugene du Plooy | 072 763 6018 |
| Geboue en instandhouding | Henry Venter | 066 477 2260 |
| Sosiale uitreik | Anelda Oberholzer | 072 587 5914 |
| Webtuiste en bemarking | Esti Koekemoer | 079 891 4714 |

Binnekort gaan al ons werksaksies begin. Indien u by een van hierdie groepe wil inskakel, kan u gerus die ouer-koordineerder skakel.
Ons is baie opgewonde om die jaar deur te sien!

**Buitemuurse-aktiwiteite:**

- Die laaste demonstrasielesse is nou afgehandel.
- Stuur asseblief u kleuter se vormpies skool toe wat aandui watter aktiwiteite hy/sy aan gaan deelneem.
- Elke aktiwiteit se inskrywingsvormpie is ook op D6 gelaai.
- Onthou ook asseblief dat afrigters nie kinders mag neem wie se ouers hulle nie ingeskryf het vir 'n spesifieke aktiwiteit nie. Indien die afrigter opdaag en u kind sê dat hy die aktiwiteit neem, maar daar is nie 'n inskrywing nie, mag u kind ongelukkig nie deelneem nie.
- **Kies asseblief u kleuter se aktiwiteite oordeelkundig.**

| | |
|---|---|
| **Maandae** | • Experi-maatjies<br>• Piddle Paddle<br>• Witjassies<br>• Tjomme met somme |
| **Dinsdae** | • Gymstars<br>• Rugby skills |
| **Woensdae** | • Frieda se dansskool<br>• Soccercise Starz<br>• Zani's<br>• EQ4kids |
| **Donderdae** | • Dolfin Kids<br>• Monkeynastix |
| **Vrydae** | • Miki Maths |

**Kosblikkies**:

• Hier is 'n lys van kosblik-idees en ons vra ons Mammas om asseblief ook die Pappas wat kosblikkies pak, te vra om nie lekkers, koekies en gaskoeldrank in te pak nie asseblief. Items soos vla, val onder die nagereg kategorie en kan ongelukkig nie ingepak word nie.

| | |
|---|---|
| • Ryg blokkies kaas en worsies op 'n tandestokkie<br>• Mini frikkadelle<br>• Cocktail worsies<br>• Oorskiet pizza<br>• Stukkies gebraaide wors<br>• Hot dogs<br>• Oorskiet Spaghetti Bolognaise<br>• Mini tamaties<br>• Druk broodjies met vorms uit<br>• Pretzels Soutkoekies met doopsous<br>• Komkommer en wortelrepies<br>• Mini Quiche<br>• Piesangbrood<br>• Muffins (nie sjokolade nie) | • Klein gevulde pannekoekies<br>• Gevulde wraps<br>• Klein gevulde vetkoekies<br>• Joghurt<br>• Droë vrugte – verkieslik sonder 'n suikerlagie<br>• Vrugte in seisoen<br>• Hard gekookte eiers<br>• Vrugteslaai<br>• Pastaslaai<br>• Provita met kaassmeer<br>• Gekerfde biltong<br>• Droëwors<br>• Hoender Nuggets<br>• Rosyntjies<br>• Croissants |

**Onthou: elke kleuter MOET elke dag uitgeteken word!!!**
**Onthou ook om u kleuter daagliks te vertel hoe kosbaar hulle is!**

**<u>'n Laaste gedagte :</u>**
"'n Mens kan nie altyd reg wees nie, maar 'n mens kan altyd opreg wees."

Geniet die res van die week.
Vriendelike Osieteddies-groete
LINDA KRUGER & PERSONEEL

**BUITEMUURSE AKTIWITEITE skeurstrokie**

**Vul in, en stuur dadelik terug……………………………………………………………..**

EK, …………………………………………………………mamma / pappa van

……………………………….. in die

| | | | |
|---|---|---|---|
| Speelbeerklas | Kampbeerklas | Tuinbeerklas | Sirkusbeerklas |
| Safaribeerklas | Plaasbeerklas | Vakansiebeerklas | |

<u>Se kleuter is ingeskryf by die volgende aktiwiteite :</u>

| | |
|---|---|
| **<u>Maandae</u>** | |

| | |
|---|---|
| **Dinsdae** | |
| **Woensdae** | |
| **Donderdae** | |
| **Vrydae** | |

……………………………………………….. ………………………………………………...
Geteken Kontaknommer

**BUITEMUURSE AKTIWITEITE skeurstrokie**

**Vul in, en stuur dadelik terug……………………………………………………………..**

EK, ……………………………………………………mamma / pappa van

………………………………….. in die

| | | | |
|---|---|---|---|
| Speelbeerklas | Kampbeerklas | Tuinbeerklas | Sirkusbeerklas |
| Safaribeerklas | Plaasbeerklas | Vakansiebeerklas | |

Se kleuter is ingeskryf by die volgende aktiwiteite :

| | |
|---|---|
| **Maandae** | |
| **Dinsdae** | |
| **Woensdae** | |
| **Donderdae** | |
| **Vrydae** | |

……………………………………………….. ………………………………………………...
Geteken Kontaknommer